

Getuienis van Kallie Nel

“Want hoedanig is julle lewe? Dit is tog maar ‘n damp wat vir ‘n kort tydjie verskyn en daarna verdwyn...” (Jak 4:14)

Gesien teen die agtergrond van die wêreld se geskiedenis maak die bostaande stelling baie sin. Tog is hierdie lewe al wat ons het om iets mee te maak. Hierdie lewe, hoe onbeduidend ookal, maak saak – vir my. Een van die redes is omdat ek daarvan rekenskap sal moet gee. Daarom die sinvolle vraag: Wat sal eendag van my lewe oorbly?

My getuienis begin soos meeste ander: “Ek het in ‘n christelike huis grootgeword”. As ek oor my lewe terugkyk, is ek daarvoor baie dankbaar want dit het baie voordele gehad soos bv dat mens die inhoud van die Bybel leer ken het, dat mens nie ergerlike gewoontes aangeleer het nie en dat mens van blatante sondes, wat skade aan jou wese doen, gespaar gebly het. Tog was daar ook nadele aan verbonde in die sin dat daar nie so ‘n drastiese verskil sigbaar was tussen die “ou lewe” en die “nuwe lewe” as by ‘n ander sondaar wat dramaties en eensklaps tot bekering kom nie. Dit skep ‘n eiesoortige problematiek.

Ek onthou dat ek van kleins af met die Here gepraat het, en dat Hy my altyd in nood gehelp het. Van oorgawe aan God, bekering en wedergeboorte het ek nie geweet nie want ons kerk het ons nie so geleer nie. Gedurende my hoërskooljare toe ek in Brandfort gekatkiseer het in 1966/67 onthou ek nog dat Ds Cronje my gekonfronteer het oor die vraag of ek al die Here aangeneem het. Ek het die vraag verstaan en onthou dat ek ‘ja’ kon antwoord.

Gedurende 1968 is ek Tukkie toe en het dadelik onder die toesig van ‘n senior koshuismaat, ‘n teologiese student (Julian Muller) begin om op Sondaemiddae sendingwerk onder Indiërs in Pretoria te doen – eers in Marabbastat en later in Laudium. Dit was vir my ‘n groot leerskool want nie net het ek die Evangelie beter begin verstaan nie, maar ek moes dit self op huisbesoek aan vreemdelinge vertel. In hierdie tyd het ek gelukkig ook kans gekry om kontak te maak met mense van ander rasse, en kon ‘n deel van my rassevooroordeel daar aflê. Ek onthou nog hoe opreg jammer ek was vir ‘n jong Moslem Ingenieurstudent wat nie kon werk kry omdat hy nie blank was nie.

Heelwat van my sendingvriende was baie vuriger christene as ek was – sommige van hulle teologiese studente. Aan die einde van 1969 het een my gekonfronteer met ‘n baie eenvoudige vraag: “Is jy werklik wedergebore?”. Die vraag het my ontstel want ek kon dit nie eerlik antwoord nie. Ek onthou nog hoe ek een Saterdag tussen die rakke van die AEB boekwinkel in Andriesstraat met die vraag geworstel het. Na ‘n paar dae van wroeging het ek na my hotelkamer gegaan die aand en gedink: “Vanaand sorteer ek dit met die Here uit.” Op my knieë voor die bed antwoord die Here my toe uit 1 Pet 1:23! En dit het vir my vir die eerste keer ‘n wonderlike vreugde oor die wete van my kindskap gebring.

Met groot ywer het ‘n klompie van my sendingvriende en ek dringend begin soek na die vervulling met die Heilige Gees. Ons het baie daarvoor gelees en baie dienste bygewoon – onder andere was daar op Vrydagaande naby Krugersdorp ‘n plek waar daar ‘n huiskerk was waar, soos vertel is, baie wonderwerke plaasgevind het. Ons het ook heelwat Saterdaggaande as jong manne na die koppie agter die Uniegeboue gegaan om daar te bid as ‘n groep, en soms hard uit te roep tot God, waar mense ons nie kon hoor nie. In 1970/71 het ons ‘n pinksterdiens by die AGS Moregloed in die ooste van Pretoria bygewoon en op uitnodiging het ons voor in die kerk gaan bid. Die pastoor (ek weet nie eers wie hy was nie) het vir my hande opgelê en ek weet nie hoe nie, maar ek het in ‘n vreemde taal gepraat. Ek was steeds by my volle bewussyn en het baie onnosel gevoel, want die woorde maak net nie sin nie. Ek sou eers later beseef dat dit die gawe van tale was, en oortuig word van die waarde daarvan in ‘n gelowige se lewe. Na die vervulling met die Heilige Gees was my ervaring dat die wete van Jesus se sentraliteit in God se heilsplan en Sy teenwoordigheid, vir my ‘n groot realiteit geword het.

Nie lank daarna nie het een van my nabye vriende besluit hy wil hom laat doop. Hy het dit met my bespreek en ek het hom sterk afgeraai om so ‘n ding te doen. Hy was egter vasbeslote en ek het hom belowe dat al doen hy so ‘n ding, sal dit nie aan ons vriendskap verander nie. Om myself te vergewis het ek beide Willie Marais en Dr Moller se boeke oor die doop gelees, en hoewel Dr Moller se boek vir my veel meer sin gemaak het, het ek nie besluit om myself te laat doop nie, maar om wel bietjie meer toegeeflik teenoor ander mense te wees wat hulleself wou laat doop!

Met ons trek na Hartbeespoort in 1974 het ons deel geword van die plaaslike NG gemeente wat in die Hoërskoolsaal bymekaar gekom het. Hulle het kort daarna 'n gemeentekamp gehou (by Buffelspoort) gelei deur Ds RB Murray. Dit het gegaan oor die vervulling met die Heilige Gees, en hoewel hy (uiteraard) niks oor die gawes of tale gesê het nie, was ons baie opgewonde, want daar was verwagting dat dinge sou gebeur. Op die kamp ontmoet ons Willie en Ronelle Steyn, ook van Meerhof, en hulle nooi ons uit na 'n weeklikse Bybelstudie wat by hulle aan huis gehou word deur 'n ouderling van die Skeerpoort NG Kerk – Oom Bossie. Ons het dadelik tuis gevoel en het met entoesiasme begin deelneem aan die Bybelstudies. Stelselmatig het die Bybelstudiegroep aangegroei en onder andere het twee dames van die AGS ook by die groep aangesluit. (Daar was nog geen AGS kerk in die omgewing nie). Die kerk het hiervan te hore gekom en begin ongemaklik raak omdat mense van 'n ander kerk begin betrokke raak het. In die tyd het Hatfield kerk baie sterk gegroei en wonderlik gefunksioneer in die gawes en ons het op baie Saterdaggaande hulle groot bidure bygewoon. Op een Sondagand het Past Ed Roebert in die middel van sy preek opgehou en Hand 22:16 aangehaal – dit handel oor die doop. Ek het dit verwerp as "Baptisteteologie" en nie 'n "woord van die Here" nie, en as ek terugkyk besef ek dat dit was asof daar vir my een of ander verandering in my kommunikasie met God gekom het daarvoor.

Intussen het 'n vreemde persoon by die Vrydagaand Bybelstudie aangesluit – Stan vd Merwe. Hoewel hy hom nie opgedring het nie, was dit duidelik dat hy baie antwoorde gehad het op vrae wat in ons gemoedere was. Toe Oom Bossie klaar was met sy reeks, het die groep vir Stan gevra om iets aan te bied oor die vervulling met die Heilige Gees. Dit het tot groot seën gelei, maar ook veroorsaak dat sommige groeplede (van die gereformeerde kerk) die groep verlaat het. Die groep het intussen so groot geword dat 'n nuwe groeplid, Rob Samuel, wat 'n baie vermoende man was (en ook 'n ouderling in die NG kerk) ons genooi het om voorts by sy huis te vergader. Toe Stan een aand, op 'n vraag van Ronelle Steyn oor die doop, haar antwoord en ek hoor hy verkondig die "groot doop" het ek dadelik probeer ingryp en vir Ronelle gesê hulle moet nie hiermee lol nie want ons sal groot probleme met die kerk kry, en die situasie was alreeds gespanne. Ek het aangebied om later in die week die doop uitvoerig aan haar te kom verduidelik sodat sy nie enige dom ding sou aanvang nie. Die volgende aand het ek en Ronel die doop probeer instudeer sodat ons dit kon verduidelik aan die Steyns. Ons wou uitsluitlik uit die Bybel werk en het Mynhardt se konkordansie gebruik. Nodeloos om te sê – ons moes eerlik erken dat die doop soos in die Nuwe Testament beskrywe word glad nie ooreenstem met die leer van die kinderdoop waarin ons onderrig is nie. Hoewel ek steeds die volgende aand die kinderdoop aan die Steyns gaan verduidelik het was ek glad nie meer daarvan oortuig dat dit reg was nie. Ek het dit kort daarna met die plaaslike predikant gaan bespreek en hy het weereens die kinderdoop aan my verduidelik en aangedui dat indien ons ons laat doop sny ons self ons band met die kerk af. Ons is 'n Vrydagaand in 1976 gedoop in Rob se swembad, saam met Willie en Ronelle Steyn. Die Saterdagand het die predikant vir ons kom kuier en gevra of ons berou gehad het oor ons stap, en omdat ons nie gehad het nie is ons vier die volgende dag uit die kerk gesit met 'n aankondiging in die erediens.

Die jare voor die doop was daar talle kere wat ek weer en weer getwyfel het aan my kindskap van God, veral as mens depressief was of voor 'n sonde geswig het. Dan kon ek nooit terugwys na 'n "dag-en-datum" van my bekering nie, en het die vyand my altyd aangekla en oor my saligheid laat twyfel. Die aand op die doopbad se rand het ek vir myself bewustelik gesê: "Vandag, by my volle bewussyn, verklaar ek dat ek Jesus aangeneem het en aan hom behoort – derhalwe gaan ek deur die water" Dit was vir my die einde van alle twyfel, hoewel ek nog nie verstaan het presies hoe dit werk nie. My indruk is dat, van die dag af, die kommunikasiehindernis, wat 'n paar jaar tevore tussen die Here en myself ontstaan het, verwyder is.

Dit was krisistyd in ons lewens. Ons was buite die kerk waarvoor ons so lief was. Ek het desperaat aan die sinode geskryf om die saak te probeer verander, maar met geen sukses nie. Ons het slegs die klein Bybelstudiegroepie gehad waaraan ons kon vashou, want daar was nog geen charismatiese of pinksterkerk in Hartbeespoort nie. Stelselmatig is meer en meer mense uit die groep gedoop en sommige is ook uit die kerk gesit. Op 'n latere stadium het die kerk opgehou om mense daarvoor uit die kerk te sit. Die "uitgewekenes" het toe maar op Sondae begin bymekaar kom en uiteindelik 'n klein charismatiese gemeente gevorm. Daar het ons vir die eerste keer die werklikheid van "fellowship" en 'n eie bediening (ministry) leer ken. Hoewel die gemeente vir 'n tyd lank baie goed gefunksioneer het, en die gelowiges baie vinnig geleer het (onder andere deur kassetbande en videobande uit die VSA), het 'n skeuring die gemeente vernietig in 1978 en dit het vir my die beginsel van die belangrikheid van gesag baie duidelik tuisgebring. Indien daar nie behoorlike gesag is nie, is die gemeente oop vir vernietigende aanvalle van die vyand wat altyd tot groot hartseer lei.

Vir 'n tyd lank het een van Hatfield se sattetietkerke, Wesmoot Baptistekerk, onder leiding van Ds Job de Witt in Pretoria-Wes en in Hartbeespoort begin werk en ons het daar ingeskakel. Na 'n jaar of wat, toe die jong gemeente op die punt gestaan het om 'n pastorie te koop, het die gemeente tot die besef gekom dat hulle visie eintlik op die Weste van Pretoria gerig was en die broeders van Hartbeespoort het gevra dat die gemeente hulle moes laat gaan sodra daar 'n gemeente by die dam gestig kon word.

Intussen was ek bevoorreg om die EE3 (genoem HEDT) kursus by Hatfield by te woon. Dit was 'n baie intensiewe kursus en het vir my 'n baie goeie Skriftuurlike begrip gegee vir die basis van redding – dat dit alleen maar gegrond is op die betroubaarheid van God se Woord en Sy beloftes en Sy Seun se werk aan die kruis. Uiteindelik het ek verstaan!

Ek het kort daarna dieselfde kursus in Hartbeespoort kom aanbied aan die huis van Marie Griesel en dit het gelei daartoe dat 'n groepie gelowiges innig aan mekaar geheg geword het. Onafhanklik daarvan het die "Christian Women's Club" ook in die omgewing gefunksioneer en van die vroue wat in die vernuwing was het daaraan deelgeneem. Hulle het op hulle beurt hulle mans aangemoedig om te begin saambid wat toe gebeur het in 'n huisie in Daniestraat in Schoemansville. Daar was persone betrokke van die NG kerk, die Baptiste, die AGS asook die onafhanklike charismatiese groep teen die berg. Een van die leidende broeders was Ben Farrell wat kort tevore op wonderbaarlike wyse na Hartbeespoort gestuur is, sonder om te weet hoekom.

Hierdie gesamentlike gebed het uiteindelik gelei tot die stigting van Hartbeespoort Christen Gemeenskap onder die beskerming van John Bond van die Assemblies of God en met die goedkeuring van Justus du Plessis van die AGS in 1981. Die gemeente was vir ons die ontdekking van die eenvoud maar heerlikheid van die Liggaam van Christus te midde van die verskeidenheid van sieninge wat onder die broeders teenwoordig was. In 1984 was daar 'n skeuring wat baie groot verdriet veroorsaak het. Sommige van die gesinne het weer later teruggekeer na die gemeente en is met blydskap ontvang. Die gemeente het bekend geraak vir sy warmte liefde, die funksionering van verskillende bedieninge, heerlike aanbidding en opregte fellowship. Ons het as gesin wonderlik hierdie ondersteuning van die gemeente ontvang toe ons moeilike tye beleef het.

In 1994 gedurende die regeringsoorgang in Suid Afrika het die gemeente ontstuielige tye beleef. Sommige mense het gereed gemaak om oorsee te vertrek – soos byv Piet en Hardy Joubert wat uitgewyk het na Paraguay.. Meeste ander het noodvoorraad bymekaar gemaak om in die verwagte krisistyd te kon oorleef. Uiteindelik kon ons leer dat mens God maar gerus kan vertrou in onstuielige tye.

Gedurende 1996/97 is die Christenforum van Hartbeespoort gestig om christene van verskillende kerke op 'n onbedreigende wyse bymekaar te bring oor sake van gemeenskaplike belang. Dit was 'n eerste poging om die eenheid in die groter liggaam in Hartbeespoort te probeer bewerkstellig.

Omtrent die jaar 2000 het die Here die rassekwessie in die gemeente opgelos deur eers kleurling kinders en daarna swart kinders in die gemeente in te bring. Omdat hulle kinders was, het die gemeente hulle redelik gemaklik aanvaar, en toe volwassenes later volg was daar weinig weerstand. Sedert die tydperk is die jonger geslag christene in die kerk ook gaandeweg bemaagtig om bediening en leierskap in die kerk stelselmatig oor te neem.

In die jaar 2006 het 'n groep gelowiges in Hartbeespoort deelgeneem aan 'n 40-dae projek om die boek van Rick Warren : *Die doelgerigte lewe* deur te werk. Dit was 'n besondere groot seën.

Lewenslesse:

Deur die loop van my lewe is daar enkele dinge wat ek van die Here geleer het en wat vir my van besondere waarde is:

- As hulp in benoudheid is die Here in 'n hoë mate beproef (Ps 46:1). Ek kan nie aan een keer dink in my lewe dat ek tot God in werklike nood gebid het dat Hy my nie deurgehelp het nie.
- Ek moenie baie praat nie – luister eerder. (Pred 5:1)
- Vrees God en respekteer ELKE mens (1 Pet 2:17)
- Moenie gesag misbruik nie – Godgewe gesag is bedoel om mee te dien (mt 23:11)

- Moet nie mense oordeel nie – daarin veroordeel jy jouself (Matt 7:1)
- Al is ek gered en geheilig, bly die potensiaal tot sonde steeds in my oor (Rom 7:18)

Goddelike passies:

Die Here het in my hart, as gelowige, die volgende passies gelê:

- Om die eenheid van die Liggaam van Christus in ons omgewing te bevorder (Joh 17:21-23)
- Om die bediening van versoening uit te leef – tussen gelowiges en in die breër gemeenskap (2 Kor 5:18)
- Jesus Christus is die sentrum van alle dinge (Rom 11:36)
- Ons is hier om 'n bydrae te maak deur te dien – ook in die breër gemeenskap.

Die Blye Boodskap:

Die volgende elemente van die Goeie Nuus van Jesus Christus is vir my kardinaal en ek wil dit graag met my lewe verkondig:

- God is 'n soewereine God: Vir altyd heerlik, heilig, regverdig, genadig, almagtig .
- Ons is feilbare mense: Op die aarde, tydelik, broos, sonde geneigd, geestelik blind, onmagtig om onself te red.
- Jesus Christus is die Versoening: As Seun van God is Hy die enigste moontlikheid om die sonde van die wêreld weg te dra in Sy Liggaam op die kruis.
- Ek raak versoen met God, kind van God, kry die ewige lewe, deur die geloof in Jesus Christus.
- 'n Uitvloeisel daarvan is aanbidding, gemeenskap, dissipelskap, bediening en sending.

---000---